



8 OKTOBER 2017

09:00 Erediens

Fay van Eeden

Aflos-orrelis: Tinus Kuhn

18:00 Aanddiens – Kapel

Peet Crous

15 OKTOBER 2017

09:00 Dankfees

Immanuel van Tonder

My beker loop oor!

Musiek deur o.a. Johan Anker (The Voice)

Al die nuwe intrekkers word hartlik uitgenooi na 'n Nuwe Lidmate-tee na diens.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 *Kleuterkerk!*



18:00 Dankfees & Pelgrimsgroep (Snr kategese)

Fay van Eeden

19:00 Belydenisklas

Belydenisaflegging: wie, wat en hoe? (Kleingroep)

Koster: Daar is 'n voltydse kosterpos beskikbaar vanaf 1 November 2017. Die pligte behels onder andere: oop- en toesluit; bestuur van terreinpersoneel; die Muur van Herinnering; instandhouding van gereedskap en geboue, bystand by alle eredienste, gereedkry van lokale vir begrafnisse en funksies by die gemeente. Die pakket sluit 'n woonstel op die kerkterrein in. E-pos asseblief 'n twee-bladsy CV, met ten minste twee referente, voor of op 8 Oktober aan kerkkantoor@nglynnwood.co.za. Vir meer inligting skakel die kerkkantoor 012 348 1245.

Volgende week is ons jaarlikse DANKFEES met die tema *My beker loop oor*. Ons raak bewus van die gewes wat die Here gee in al die seisoene van die jaar. Johan Anker wat in *The Voice* gesing het tree tydens die diens op. Hy het die bynaam "The Opera Voice" gekry tydens die kompetisie na aanleiding van sy fantastiese stem. Die lieder wat hy gaan uitvoer is besonder mooi. Inligting oor die DANKIEMAAND sal per e-pos aan u gestuur word.

Min mense is ingelig oor wat met afvalwater gebeur nadat hulle die bad se prop uittrek of die toilet spoel. Almal word vriendelik uitgenooi na 'n gulde geleentheid om van die land se voorste wetenskaplikes oor hierdie onderwerp te hoor praat op Donderdag 12 Oktober 2017 om 18:00 tot 19:30 in Koinonia. (Toegang: gratis). Dr Michael Silberbauer, Mnr Kerneels Esterhuysen en Dr Carin van Ginkel kom bespreek: Afvalwater: bate of las in die Moreletaspruitopvanggebied. Meer inligting en 'n kort CV van die sprekers is op die webwerf beskikbaar. Navrae: Anneli Kuhn by 083 750 2873 of stuur 'n e-pos anneli.kuhn@gmail.com.

Kom geniet 'n aand van saamkuier en Franse musiek op 25 Oktober om 18:30 vir 19:00 in die kerksaal. Bring asseblief die aand 'n Kerspakkie met sjokolade en 'n mooi boodskap vir iemand by Harmonie-Oord saam. Kaartjies R100 (sluit verversing in) by die info-toonbank na die diens.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	Skole open. Diens van Barmhartigheid 18:30 (Kapel).
Dinsdag:	Gemeentevroue Groep 4 09:30 (Bets Orsmond, Rosemaryweg 329A, Lynnwood, 076 427 8090) – Spreker: Fay van Eeden. Gemeentevroue Groep 11 16:00 (Koinonia) – Spreker: Johan Jooste. Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. Jakaranda Kinderhuis (Liggiefees) beplanningvergadering 16:00 (Kapel) (sien hieronder [Ⓟ]). Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. Bybelstudie 19:15 (Koinonia) – Eric Scholtz: <i>Christendom en die ander godsdienste</i> .
Woensdag:	Gasvryheidsbediening vergadering 17:00 (A21). Studente-selgroep 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. "Young couples"-omgeegroep 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord). Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. Jong Volwasse-omgeegroep 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

'n Dienspojek vir die hele gesin!

Nuwe Generasie hou weer 'n **Wetnose-uitreik op**



14 Oktober. Ons vertrek vanaf die kerk om 09:00 en sal terugwees teen 15:00. Bring asseblief eie middagete en 'n pakkie hondkos as jy dit wil skenk. Vir meer inligting en

Wetnose mense wat kan help met vervoer kontak asseblief vir Liani 079 506 4078 of Fay 083 478 0854.

Lynnwood Aandmark - 25 Nov:

Ons wil graag ons Aandmark 'n groot sukses maak en benodig daarvoor hulp met die volgende: vrugtekoek (kontak asseblief vir Bettie Hammann 082 550 5079); fudge, klapperys, dadelbolletjies, ystervarkies (kontak asseblief vir Hannelie van Tonder 083 452 0441); tuisgemaakte konfyt (kontak asseblief vir Fay van Eeden 083 478 0854); heel skaap vir 'n spit (kontak asseblief vir Fay 083 478 0854). Byvoorbaat baie dankie – u meeewing word opreg waardeer.

Jakaranda Kinderhuis Liggiefees:

Bogenoemde kom nou vinnig nader. Lynnwood Gemeente se betrokkenheid by Huis 6 is wel bekend. Enkele lidmate is reeds nou betrokke hiermee. Vanselfsprekend verg dit deeglike beplanning asook volhoubare

betrokkenheid van so veel as moontlik lidmate om hiervan 'n sukses te maak. Die volgende kundigheid, bydrae en ondersteuning word dringend benodig asseblief: Detail beplanning en skedulering van al die verskeie aspekte van die liggiefees; vervanging en/of aanvulling van 'n verskeidenheid liggies; kragkoorde ("leads") en die installing daarvan; versiering van strukture soos sterre, donkie, bome ens.; voorraad vir die gebruiklike koffiestalletjie soos koffie, cappuccino-sakkies, langlewe melk, urns vir warm water en derglike; een toesluitbare sleepwa om die voorraad veilig te bewaar gedurende die dag; rooster opgestelde skink van die koffie saans terwyl die fees aan die gang is (1 tot 31 Desember).

Liewe lidmate van Lynnwood Gemeente, hier is 'n unieke geleentheid om ook op dié manier die Here te dien en Sy naam groot te maak. Skakel asseblief vir Anneke Doms by 082 376 2604 of Chris Strydom 079 871 7079.

By voorbaat baie baie dankie van Jakaranda Kinderhuis 6. **"Vele hande maak ligte werk"**.

Wykskuier:

Die lidmate in Eric Scholtz se blok kom op Sondagoggend 22 Oktober om 10:00 (na die oggenddiens) in Koinonia byeen vir 'n wykskuier. Eric se blok sluit in: 1) Lidmate binne die gemeente-grense – almal Oos van die snelweg. 2) Lidmate buite die gemeentegrense – almal Oos van die snelweg en Noord van Lynnwoodweg. Bring asseblief 'n bordjie eetgoed saam.

Voorbidding: Johanna van Rooyen (al 52 jaar deel van die gemeente) en familie, Sappers Contour 460, Lynnwood, 072 458 5444 – Tienie oorlede. Begrafnis is Vrydag 13 Oktober 2017 om 1200 in die kerk

Kontak van die week: Luther en die Hervorming

Gedurende Oktober 2017 herdenk ons die 500ste verjaardag van die Hervorming. In veral Duitsland is daar groot belangstelling in hierdie gebeure, maar ook 'n nuwe belangstelling in die persoon van Luther. Dit lyk my asof daar 'n interessante klemverskuiwing is in die navorsing oor die Hervorming. In die verlede is die Hervorming meesal bestudeer vanuit die gebeure self, veral Luther se stryd met die kerk en die gevolge daarvan. Dit lyk vir my asof die belangstelling nou groter is in die invloede wat op Luther ingewerk het, met ander woorde, in die aanloop tot die Hervorming.

Die kerk was destyds in 'n krisis. Soos wat dikwels in die geskiedenis gebeur wanneer die kerk sy invloed verloor, is daar toe ook moed geskep in mistieke bewegings. Luther het daarby aangesluit en veral die mistikus, Meister Eckhardt, het hom geïnspireer. Eckhardt het lank voor Luther geleef (1328 oorlede) maar omdat Eckhardt se boeke deur die inkwisisie verbied is, het dit redelik onbekend gebly totdat Luther en ander dit weer ontdek het. Meister Eckhardt se invloed op Luther was uiteindelik 'n belangrike vonk vir die Hervorming.

Hierdie voorafgeskiedenis van die Hervorming is belangrik, want ons vergeet maklik dat Luther eers 'n persoonlike hervorming beleef het voordat die behoefte by hom gegroei het om ook die kerk te vernuwe. Sonder die verandering in homself sou Luther nie die kerk en die teologie kon en wou verander nie. Die Hervorming is voorafgegaan deur sy intense geloofsworsteling. Oor die groot oomblik toe hy daarvan bevry is, kon hy moeilik uitgepraat raak. Hy skryf:

"Toe het ek die gevoel gekry dat ek 'van nuuts af gebore is' en dat ek deur geopende deure die paradys self ingetree het."

Waarom hierdie ervaring? Luther sê dat hy ervaar het dat God eers in sy lewe gekom het nadat hy hom van homself leeg gemaak het. Eers toe hy leeg gestaan het voor God, het God in hom kom woon. Die gedagte van leeg word, van "ontlediging", is 'n sterk tema by Eckhardt en wat Luther meermale herhaal. Luther beskryf dit so:

"Dit is onnodig om te dink dat jou geloof so moet groei dat jy God beter sal ken. Wanneer jy God in jouself wil ervaar as die Lig wat in jou skyn, moet jy besef dat God nie 'n natuurlike lig verlang nie. Die lig wat in jou skyn, moet eers niks word nie. Eers dan kan God met sy Lig in jou kom skyn. Hy bring dan nie net die lig wat uit jou verdwyn het terug met sy Lig nie, maar die Lig wat Hy gee is duisend maal meer."

Die Hervorming het nie begin toe Luther die kerk aangevat het nie, maar toe hy God in sy eie lewe ontvang het!

Soms het ek ook 'n behoefte aan die hervorming van die kerk, maar dan onthou ek hoedat God eers met Luther self begin het en hoedat Luther dit toegelaat het deur eers leeg te word van homself....

Groete

Johan Jooste *(namens die Predikantespan)*

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

EKO-BAKSTEEN: Iemand het een maal gesê as jy iets vir 40 dae doen word dit 'n gewoonte. As jy in die gewoonte is om eko-bakstene met jou afvalplastiek te maak, gaan voort! Bring gerus jou eko-bakstene na die info-toonbank.

Gemeenskap 

NG Kandelaar bied 'n eerstejaarskamp aan vanaf 9-12 Januarie 2018: Navrae: Ursula 079 494 7999 of hulle webblad www.ngpukandelaar.co.za.

CMR-Derdepoot benodig 'n grassnyer en Wendy-huis. Indien u daarmee kan help kontak asseblief die kerkkantoor.

Vakature gevra: Dame benodig 'n betrekking (halfdag/voldag vir kinderoppasser). Kontak 076 216 2960.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3^{de} Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of

SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Dankoffers: Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*).



Snap here to pay

 SnapScan